Bywoorde

Bywoorde is, net soos byvoeglike naamwoorde, beskrywende woorde. Dit gee by 'n werkwoord, 'n byvoeglike naamwoord, 'n sinsdeel, 'n bysin, of 'n sin meer inligting oor plek, tyd, wyse of graad, bv.: hier, nou, opsetlik, daarom

Soorte bywoorde:

Bywoorde van **tyd** (wanneer?)
Bywoorde van **plek** (waar? / wanneer?)
Bywoorde van **wyse** (hoe?)
Bywoorde van **graad** bepaal die graad of toestand van:

- telwoord (Hy het **amper** vyf albasters.)
- byvoeglike naamwoord (Sy is **baie** oulik.)
- ander bywoord (Hy loop **vrek** vinnig.)
- voegwoord (Hy kom **kort** nadat jy land.)
- voorsetsel (Hy staan **vlak** voor die deur.)

LET WEL: As daar meer as een bywoord in 'n sin is, is die volgorde altyd:

TYD, WYSE, PLEK (S ^ TOMP ^ I)

Al hierdie inligting hoef nie in elke sin gegee te word nie (jy hoef bv. nie altyd 'n bywoord van wyse te hê nie)

Kyk na die volgende voorbeeldsinne:

1. Ek sing elke Sondagoggend uit volle bors in die kerk om die Here te loof.
2. Ek het elke Sondagoggend 'n lofsang in die kerk gesing.
3. Ek gaan weer volgende Sondag in die kerk sing.

	S	**^**	**T**	**O**	**M**	**P**	**^**	**I**
1.	Ek	sing	elke Sondagoggend		uit volle bors	in die kerk.		om die Here te loof.
2.	Ek	het	elke Sondagoggend	'n lofsang		in die kerk	gesing.	
3.	Ek	gaan	weer volgende Sondag			in die kerk	sing.	

S ^ TOM PI:

SUBJECT
^FIRST VERB
TIME
OBJECT
MANNER
PLACE
^SECOND VERB
INFINITIVE

http://www.holderstebolder.co.za